Krukke	Wandelstok	Loopraam	Rolstoel
Is aansoeker inkontinent t.o.v. uriene?		Ja	Nee
Is aansoeker inkontinent t.o.v. stoelgang?		Ja	Nee
Sal aansoeker versorg kan word deur ongekwalfiseerde hulp?		Ja	Nee

Benodig aansoeker hulp met bad/ stort?	Ja	Nee
Benodig aansoeker hulp met aan/uittrek?	Ja	Nee
Benodig aansoeker hulp met daaglikse hygiëne?	Ja	Nee
Benodig aansoeker hulp met voedings?	Ja	Nee
Is aansoeker se sig bevredigend?	Ja	Nee
Is aansoeker blind?	Ja	Nee
Is aansoeker se gehoor bevredigend?	Ja	Nee
Maak aansoeker gebruik van 'n gehoortoestel?	Ja	Nee
Is sy/hy afhanklik van drank?	Ja	Nee
Is sy/hy afhanklik van pynstillers?	Ja	Nee
Meld watter pynstillers		
Tipe Dieet	Gewoon / Sag / Diabeet / Cholesterol / Ander :	
Enige iets anders waarvan Rusoord Centurion bewus moet wees?		
Verdere Opmerkings		

Handtekening van Mediese Praktisyn : \_\_\_\_\_

Datum : \_\_\_\_\_

Tel No van praktyk : \_\_\_\_\_



## AFDELING VYF: KONTROLE LYS

Die aansoek kan nie goedgekeur word sonder dat die volgende dokumente almal voltooi en aangeheg is nie

<b>Dokument voltooi / aangeheg</b>	<b>Ja / Nee</b>
1. Aansoek vorm deur die aansoeker en onderteken	
2. Verklaring van Inkomste voltooi en onderteken en beëdig	
3. Onderneming deur naasbestandes/kinders en beëdig	
4. Memorandum van ooreenkoms, onderteken en beëdig	
5. Alle ondertekenaars en getuies moet bladsye 14 tot 19 parafeer	
6. Gewaarmerkte ID dokumente van al die persone betrokke	
7. Mediese verslag deur geneesheer voltooi	
8. Afskrif van Doktors voorskrif moet aangeheg wees	
9. Kennis geneem van Huishoudelike Reëls	
10. Kennis geneem van Losiestariewe	
11. Kennis geneem van die Klagte prosedure	

**Indien die voorgenome Aansoeker slegs 'n SASSA pensioen beskikbaar as hoof inkomstebron en kinders/familie of borge moet instaan vir die losiesgelde, moet daar outomaties aan punt 2.2 (bladsy 8) voldoen word en moet ten minste 1 van die verlangde bewyse aangeheg word.**

## BYLAE: EEN:

### RUSOORD CENTURION: HUISHOUDELIKE REËLS

Dit is die Beheerraad en personeel van Rusoord se wens en strewe dat all inwoners in Rusoord 'n gelukkige tuiste sal vind en daarom doen hulle hul uiterse bes om dienslewering so doeltreffend moontlik te maak en om 'n vriendelike en gelukkige omgewing te skep waarin inwoners gelukkig en veilig kan voel.

Terselfdertyd verwag die Beheerraad en personeel egter ook **van inwoners** erkenning van en gehoorsaamheid aan gesagdraers, die beoefening van verdraagsaamheid teenoor mede-inwoners en personeel en om met liefde en bedagsaamheid op te tree soos wat daar van 'n inwoner in 'n Christelike tuiste verwag kan word.

Inwoners word versoek om op die onderstaande huisreëls ag te slaan en hulle te alle tye daarby te hou ter wille van die handhawing van goeie orde in Rusoord Centurion.

#### 1. OPNAME

Opnames geskied slegs vanaf **Maandag tot Vrydag tussen 09h00 en 12h00**. Geen opnames word gedoen oor naweke of vakansiedae nie.

#### 2. BETALING VAN LOSIES- EN ANDER GELDE (Verwys ook na Afdeling Drie: Memorandum van Ooreenkoms, punte 3 en 4

2.1 By opname is 'n eenmalige toetreefooi betaalbaar. Hierdie bedrag is nie terugbetaalbaar nie. Indien 'n inwoner egter Rusoord verlaat maar binne 2 (twee maande) heropgeneem word, is die toetreegelde nie weer betaalbaar nie.

2.2 Die losiesgelde is streng **vooruitbetaalbaar voor die 7de van elke maand**.

- a) Indien 'n inwoner ná die 15de van die maand inkom, is die helfte van die losies betaalbaar.
- b) Indien 'n inwoner Rusoord verlaat of te sterwe kom **vòòr of op die 15de** van 'n maand, word die helfte van die maand se losies terugbetaal.
- c) Ná die 15de is die **volle maand** se losies betaalbaar. Geen pro rata betalings is van toepassing nie."

2.2 Die jaarlikse verhoging van tariewe tree normaalweg op 1 April in werking. Inwoners en/of hul gevolmagtigdes word skriftelik van enige verhogings in kennis gestel deur die administratiewe kantoor van Rusoord Centurion.

2.3 Verlies van persoonlike eiendom mag nie teen losiesgeld verdiskonteer word nie.

2.4 Indien 'n inwoner die tuiste wil verlaat sal hy/sy verplig wees om 'n kalendermaand skriftelik daarvan kennis te gee. Sou hy/sy dit nie doen nie, sal die gewone maandelikse losiesgelde vir 'n verdere kennisgewingmaand betaal moet word, alvorens hy/sy uittrek.

2.5 Sou inwoners gedurende die jaar vir 'n tyd lank in een of ander hospitaal of inrigting tydelik opgeneem word of met vakansie gaan, sal hulle gedurende hul afwesigheid die gewone maandelikse losiesgelde moet betaal om te verseker dat hul plek in Rusoord oopgehou word.

2.6 Indien 'n inwoner te sterwe kom, sal kinders/naasbestaandes en/of die inwoner se boedel aanspreeklik en ten volle verantwoordelik wees vir die betaling van 'n kalendermaand se losiesgeld.

### **3. EIE MEUBELS**

3.1 In ooreenstemming met die Wet op Ouer Persone, word inwoners toegelaat om tot 'n beperkte mate hul eie meubels saam te bring. Dit sluit in: 'n gemakstoel, laaikas/lessenaar, TV en waaier. Enige ander meubels moet eers met die Hoofbestuurder uitgeklaar word.

3.2 Indien 'n inwoner in 'n gang vir verswaktes opgeneem word, word liefs die tehuis se meubels gebruik.

### **4. BENODIGHEDE**

4.1 In die afdelings vir gesonde/onafhanklike inwoners moet nuwe inwoners twee stelle lakens vir eie gebruik verskaf. Eie handdoeke, komberse en gordyne moet ook voorsien word. In die verswakte afdeling moet twee handdoeke vir gebruik verskaf word.

4.2 Alle inwoners moet gereeld van die nodige toiletware volgens hulle eie behoeftes voorsien word. In die geval van verswakte inwoners, moet die volgende toiletware by Matrone ingehandig word: toiletseep, tandepasta, sjampoo, aqueous room. 'n Haarborsel en tandeborsel moet duidelik gemerk word.

### **5. MEDIKASIE**

5.1 Alle medikasie moet deur 'n geneesheer voorgeskryf word. Met opname moet 'n voorskrif van medikasie van die betrokke geneesheer saam met die medikasie by die medikasie-suster of suster aan diens ingehandig word.

5.2 Reëlins moet betyds getref word vir die maandelikse aanvulling van medikasie. Kinders/naasbestaandes bly verantwoordelik om toe te sien dat medikasie minstens 'n week voordat die medikasievoorraad klaar is, met nuwe voorraad aangevul word. Alle medikasie wat u gebruik, moet aan die suster in bevel, verklaar word.

Daar kan met die medikasie-suster gereël word om, indien moontlik, die medikasie vanaf die betrokke apteek te bestel, maar dit bly die kinders se verantwoordelikheid om voorskrifte betyds te hernu. Daar sal geen telefoonoproepe gemaak word om kinders te herinner dat hulle nuwe voorraad medikasie moet bring nie.

5.3 Indien die tehuis vir die dag of langer verlaat word, moet vooraf met die medikasie-suster vir die nodige medikasie gereël word. Indien medikasie vir 'n vakansie of naweek in die dosette (pilhouers) saamgeneem word, is dit die inwoner se verantwoordelikheid om dit weer terug te besorg. Indien dit verlore raak, moet dit deur die inwoner vervang word

## **6. VERLOF**

- 6.1 Indien 'n inwoner van voorneme is om met vakansie te gaan en die tehuis vir 'n onbepaalde tyd gaan verlaat moet die matrone ten minste 2 werksdae voor die tyd daarvan in kennis gestel word.
- 6.2 Die verlofregister, in die voorportaal, moet met verstrekking van volle besonderhede van waarheen die inwoner gaan, voltooi word voor die inwoner vertrek en weer geteken word wanneer die inwoner terugkeer.
- 6.3 Wanneer die inwoner die tehuis verlaat vir 'n uitstappie of 'n naweek, moet die register ook ingevul word.
- 6.4 'n Inwoner mag nie uit die tehuis geneem word alvorens toestemming verkry is van die matrone of verpleegkundige in bevel nie.
- 6.5 In die belang van verskaffing van maaltye waarvoor daar per inwoner betaal word, moet inwoners wanneer hulle vir 'n dag of naweek uitgaan en nie etes gaan neem nie, ten minste 24 uur voor die tyd matrone daarvan in kennis stel.

## **7. BESOEKERS**

Besoektye:

Groen, Geel en Blougange: Daagliks 09:00 – 11:30 en 14:30 – 16:00 en 18:00 – 20:00.

Ander gange tussen 09:00 – 20:00.

Buitedeure en hekke word om 20:15 gesluit.

Besoekers moet te alle tye stil beweeg in gange en nie ander inwoners steur nie.

- 7.1 Ter wille van die veiligheid van inwoners mag daar van besoekers verwag word om by die ingangshek van Rusoord Centurion in- en uit te teken. Besoekers mag ook aan deursoeking van motors en/of inkoopsakke/handsakke deur sekuriteitsbeamptes onderwerp word.
- 7.2 Besoekers sal net toegelaat word om inwoners op die perseel op en af te laai en moet asseblief in die straat parkeer.

## **8. PERSOONLIKE EIENDOM**

- 8.1 Die Beheerraad, bestuur en personeel van Rusoord Centurion is nie verantwoordelik vir die verlies van enige waardevolle besittings (bv geld, juwele, selfone ens) wat in die kamers gehou word nie. Kontant kan by die ontvangskantoor ingehandig word vir veilige bewaring en u onttrek dan weekliks net die bedrag wat u nodig het.
- 8.2 Indien enige persoonlike besittings soos hierbo genoem van die inwoner wegraak en die inwoners of sy/haar naasbestandes vermoed dit is 'n geval van diefstal, is hul welkom om dit by SAPD te rapporteer in oorleg met die Hoofbestuurder.
- 8.3 Alle installasie- en verskuiwingskoste vir privaat telefone en ander toestelle sal op die inwoner se koste geskied

## **9. EIENDOM VAN RUSOORD**

- 9.1 Geen linne of meubels wat aan Rusoord behoort mag vir enige rede uit die kamer verwyder word nie.

- 9.2 Geen spykers of ander voorwerpe mag in die mure, kaste of deure ingekap word nie. Indien u iets teen 'n muur wil hang, moet u eers met die matrone of bestuurder reël.
- 9.3 Enige skade aan die kamer sal by die ontruiming van 'n kamer van die rekening van die inwoner verhaal word. TV arms, verwarmers, ens. wat teen mure vasgesit word, word daarna beskou as Rusoord se eiendom en mag nie verwyder word nie.
- 9.4 Sleutels moet by die suster aan diens of by die ontvangsdame ingehandig word alvorens 'n inwoner Rusoord tydelik of permanent vir watter rede ook al verlaat. Die inwoner sal aanspreeklik gehou word vir die vervanging van sleutels of slotte indien hy/sy die sleutel verloor. Deurslotte mag nie sonder die Bestuurder se goedkeuring vervang word nie.

## **10. WASGOED**

- 10.1 Wasgoed mag nie in die kamers gewas en by die vensters uitgehang word nie.
- 10.2 Geen verantwoordelikheid word aanvaar vir beskadiging van wasgoed wat na die washuis gestuur word nie.
- 10.3 Inwoners se klere moet baie duidelik aan die kledingstuk gemerk word. Kledingstukke moet gereeld nagegaan word om te verseker dat dit nog duidelik leesbaar is. Rusoord beskik oor 'n fasiliteit waar vasstrykbare naametikette vir die inwoners gedruk kan word teen betaling. Indien u van hierdie diens gebruik wil maak kontak asseblief die Huishoudster.

## **11. VEILIGHEID**

- 11.1 Daar sal te alle tye van inwoners verwag word om op te tree in belang van hul eie veiligheid, diè van ander inwoners en die veiligheid van Rusoord in die algemeen.
- 11.2 Inwoners sal van tyd tot tyd op hoogte gebring word van veiligheidsmaatreëls en veiligheidsoefeninge mag van tyd tot tyd plaasvind.
- 11.3 Die gebruik van kerse, indompelaars, stryksters, elektriese komberse of warmwatersakke word nie toegelaat nie. 'n Olieverwarmer sal toegelaat word met die toestemming van die matrone op voorwaarde dat enige skade wat so 'n verwarmer mag veroorsaak, van die inwoner verhaal kan word.
- 11.4 Inwoners mag nie vlambare middels soos bv. Benzien of brandspiritus in hulle kamers gebruik nie.

## **12. STERK DRANK EN ROOK**

- 12.1 Inwoners sal nie toegelaat word om sterk drank in Rusoord in te bring of te gebruik nie, behalwe op voorskrif van 'n geneesheer. Rusoord aanvaar egter nie verantwoordelikheid vir drank wat op voorskrif in 'n kamer gehou word nie. Indien 'n inwoner hom/haar daaraan skuldig maak aan die onwettige besit van alkoholiese drank, kan sy/haar voorreg tot inwoning in gedrang kom.
- 12.2 Inwoners en besoekers mag nie in kamers, gange of gemeenskaplike areas rook nie. Indien gerook moet word kan dit buite die tehuis geskied. Daar is aangewysde rookareas buite waar inwoners en besoekers mag rook.

### **13. GODSDIENS**

- 13.1 Godsdienstige oortuigings en godsdienstbeoefening is die persoonlike reg en voorkeur van elke individuele inwoner en hulle het die reg om dit sodanig te beoefen mits dit nie indruis teen die regte van ander inwoners of aanstoot gee aan ander inwoners nie.
- 13.2 Terselfdertyd word inwoners gemaan om hulle nie in te meng met of uit te spreek wat betref die godsdienstbeoefening van ander inwoners op 'n wyse wat kan aanstoot gee of inbreuk maak op hul regte nie.
- 13.3 Daar word voorsiening gemaak vir huisgodsdienst en kerkbediening deur verskillende kerkgenootskappe. Inwoners word ten sterkste aangeraai om hierdie huisgodsdienstgeleentheid by te woon asook kerkdienste op Sondag.
- 13.4 Indien enige inwoner behoefte het aan godsdienstige berading kan dit met Matrone gereël word in oorlegpleging met die inwoner se naasbestandes.

### **14. SIEKTE**

- 14.1 Familielede word nie toegelaat om 'n geneesheer te ontbied in geval van skielike siekte van 'n inwoner nie. Dit is die verantwoordelikheid van die verplegingspersoneel onder wie se aandag enige gebeure gebring moet word.
- 14.2 Indien 'n inwoner 'n afspraak by 'n geneesheer / hospitaal het, is dit die verantwoordelikheid van die kinders om te reël vir vervoer. In geval van nood, word 'n ambulans ontbied.

### **15. STILTETYE**

- 15.1 Stilte moet gehandhaaf word tussen 13h00 en 15h00 daaglik.
- 15.2 Radio's en TV's se klank moet ten alle tye so gestel wees dat dit geen steurnis vir mede-inwoners inhou nie.

### **16. PLASING VAN INWONERS EN ONTRUIMING VAN KAMERS**

- 16.1 Inwoners word geplaas en verskuif in die tehuis volgens die inwoner en die tehuis se behoeftes. Dit mag meebring dat inwoners na ander kamers en gange verskuif word indien hul versorging dit noodsaak.
- 16.2 Die Beheerraad behou hom die reg voor om wanneer 'n inwoner, om een of ander rede hulpeloos word en sy/haar behoorlike versorging in die tehuis gevolglik onmoontlik word, so 'n persoon na sy/haar kinders of ander naasbestandes teruggeplaas te plaas. Dit al egter slegs gebeur na deeglike konsultasie met die naasbestandes.
- 16.3 Met afsterwe of verhuising van inwoner, het die familie 7 dae om die kamer te ontruim.

### **17. KLAGTES**

- 17.1 Rusoord Centurion beskik oor 'n klagteprosedure waarvan 'n verkorte uitgawe hierby aangeheg word as BYLAE DRIE en inwoners en hul naasbestandes word aangemoedig om hulle te vergewis van hierdie prosedure en dit te volg wanneer daar enige klagtes is wat betref dienslewering.

17.2 Inwoners word aangemoedig om klagtes van gemeenskaplike aard by hul verteenwoordigende lid van die Inwonerkomitee aan te meld.

## **18. ALLERLEI**

- 18.1 Persoonlike netheid, asook netheid van die kamers, moet gehandhaaf word sover dit binne die vermoë van die inwoner is.
- 18.2 Inwoners en familieledede mag hulle nie met die gesondheidswerkers/ kombuispersoneel of skoonmakers bemoei of met hul werk inmeng nie. Indien die inwoner of familielid 'n probleem het met die optrede of werk van 'n personeellid kan die by Matrone of die Hoofbestuurder aanhangig gemaak word.
- 18.3 Geen gunste mag van personeel gevra word wat 'n inwoner bo ander kan begunstig nie. Geen footjies mag gegee word nie. Inwoners mag ook nie geskenke gee aan personeel of geld betaal om vir hulle gunste of inkopies te doen nie.
- 18.4 Inwoners word nie toegelaat word om enige troeteldiere aan te hou nie. Aangesien die terapeutiese effek wat diere op bejaardes kan hê erken word, reël Rusoord van tyd tot tyd dat buite-instansies op 'n gekontroleerde wyse troeteldiere na Rusoord bring sodat inwoners sodoende kontak met diere kan hê.
- 18.5 Geen privaat oproepe sal vir inwoners vanaf dienskamers gemaak word nie.
- 18.6 Rusoord beskik nie oor parkering vir voertuie van inwoners op die perseel nie. Indien u 'n voertuig het, sal dit op eie risiko in die straat gelaat moet word.

\*\*\*\*\*

## BYLAE: TWEE

### LOSIESTARIEWE EN ANDER FOOIE:

#### 1. TOETREEFOOI:

'n Eenmalige toetreefooi van **R 5000.00** is betaalbaar voor opname. Die toetreefooi is nie terugbetaalbaar nie. Indien die inwoner Rusoord verlaat maar binne 2 (twee maande hertoegelaat word is die toelatingsfooi nie weer betaalbaar nie.

#### 2. LOSIES FOOI:

2.1 Wysigings tot losiestariewe tree jaarliks in werking op 1 April.

Inwoners/gevolmagtigdes word skriftelik hiervan in kennis gestel teen die einde van Maart.

2.2 Losies is maandeliks vooruitbetaalbaar.

Dit word as volg bereken vir die 2021 finansiële jaar:

2.1.1 Standaard Selfversorgende kamers: **R12 506.00** per persoon per maand

Kamers wissel vanaf **R 12 506.00 – R16 881.00** na gelang van die grootte en of dit as 'n enkel of dubbelkamer verhuur word.

2.2.2 Verswakte inwoners in die verswakte afdeling (m.a.w. blou-, groen- en geelgang waar ekstra versorging benodig word): **R 13 472.00** per persoon per maand.

2.3 'n Heffing mag gehef word vir persone op spesiale diete soos byvoorbeeld diabetese.

2.4 Die maandelikse losies sluit die volgende dienste in :

- 24-uur mediese toesig en versorging
- 3 maaltye per dag
- Wasgoed
- Skoonmaak van kamers

2.5 Die maandelikse losies sluit die volgende uit:

- **Alle medikasie en suurstof.** Dit moet deur die inwoner/familie voorsien word.
- Indien die inwoner in 'n hospitaal opgeneem word of na hospitalisasie ontslaan word, is die inwoner/familie aanspreeklik vir die versorgings- en vervoerkostes.
- Doekegelde
- Spesiale voeding/voedselaanvullings
- DSTV pakket R390 per maand (DSTV Stay Essentials. Besonderhede op versoek.)



### **3. BETALING VAN LOSIES**

**Vir veiligheidsredes verkies Rusoord Centurion om geen kontant op die perseel aan te hou nie en beveel dus aan dat betalings op een van die onderstaande maniere gedoen word.**

#### 3.1 Debietorders:

Die inwoner se van en voorletters en/of debiteurenommer moet met alle betalings gebruik word.

#### 3.2 Direkte Bankoordragte/ Internetbetalings (EFT)

Besonderhede vir bostaande betalings is as volg:

Begunstigde: Rusoord Centurion

Bank: Absa Lyttelton

Takkode: 632005

Tjekrekening: 0600910809

#### 3.3 Kaartbetalings:

Rusoord beskik oor 'n kaart fasiliteit.

\*\*\*\*\*

## BYLAE DRIE

### VERKORTE KLAGTEPROSEDURE

#### 1. INLEIDING

- 1.1 Inwoners van RUSOORD Centurion en hulle verwante familie het die reg om klagtes aan te meld indien hulle nie met aspekte van dienslewering tevrede is nie. Dit kan mondeling, skriftelik, telefonies of per e-pos ingedoen word.
- 1.2 Klagtes mag anoniem ingedien word.
- 1.3 Rusoord Centurion het 'n beleid en standaardprosedures in plek vir die hantering van klagtes. Die volledige beleid en prosedures is beskikbaar ter insae by die Hoofbestuurder. 'n Verkorte weergawe is ter inligting op kennisgewingborde.
- 1.4 Dit is Rusoord se voorneme en beleid om alle klagtes te ondersoek en aan te spreek met die eerlike bedoeling om die regte oplossing te vind d.m.v. konstruktiewe gesprekvoering en samewerking tussen inwoners, hul naasbestaandes, personeel en bestuur van Rusoord Centurion.
- 1.5 Daar moet egter aanvaar word dat dit nie altyd moontlik sal wees vir Rusoord Centurion om oplossings vir probleme/klagtes te vind wat vir die *inwoner aanvaarbaar sal wees nie*. Enige regstellende aksies vir klagtes soos aangemeld deur 'n inwoner sal plaasvind binne die raamwerk van bestaande beleide, prosedures en werkswyses van Rusoord Centurion met inagneming van wetlike bepalings soos o.a. bepaal deur Die Wet op Ouer Persone, Wet 13 van 2006, Arbeidswetgewing, en so meer. Ander oorwegings wat sal geld is billikheid, praktiese uitvoerbaarheid en of die verwagte optrede in die beste belang van die inwoner, Rusoord Centurion, sy personeel en ander inwoners sal wees.

#### 2. PROSEDURE VIR DIE AANMELDING VAN 'N KLAGTE

- 2.1 Die proses wat gevolg moet word vir die aanmelding van 'n klagte is die volgende:
  - 2.1.1 Meld u klagte aan by die suster in bevel (saalsuster) wat sal vasstel of daar 'n onmiddellike oplossing vir die probleem is en die nodige regstellende stappe sal neem om dit aan te spreek.
  - 2.1.2 Indien dit nie binne 24 uur aandag geniet het nie, dien u klagte in by die Eenheidsbestuurder wat sal vasstel watter ander regstellende aksies benodig word.
  - 2.1.3 Indien u steeds voel dat regstellende aksies onvoldoende was dien u klagte skriftelik in by Matrone.
  - 2.1.4 Indien u hierna steeds voel dat u klagte nie na wense aangespreek is nie, kan u dit skriftelik aanmeld by die Hoofbestuurder en/of 'n afspraak maak met die Hoofbestuurder en dit persoonlik met hom/haar bespreek.
  - 2.1.5 Indien u steeds voel dat u klagte nie doeltreffend hanteer is nie of van so 'n ernstige aard is dat die Beheerraad daarvan kennis moet neem, kan u dit laastens indien by die Voorsitter van die Beheerraad.
- 2.2 Klagtes van algemene belang m.a.w. wat betrekking het op *inwoners in die algemeen* en nie net betrekking het op 'n *spesifieke inwoner* nie, kan by die inwoner se verteenwoordiger van die Inwonerkomitee aangemeld word en sal dan op die agenda van die volgende Inwonerkomiteevergadering geplaas word vir bespreking deur die Inwonerkomitee. Die betrokke inwonerkomiteelid sal na die vergadering terugvoering gee aan die inwoner wat betref die besluite wat geneem is deur die Inwonerkomitee.

2.3 Klagtes van algemene belang kan ook op die agenda van die twee-maandelikse Inwonerinligtingsvergadering geplaas word om tydens hierdie vergadering met die Hoofbestuurder en Voorsitter van die Beheerraad bespreek te word.

### **3. PROSESSERING VAN KLAGTES DEUR RUSOORD CENTURION**

- 3.1 Wanneer 'n klagte ontvang word deur die saalsuster of enige van die ander partye in 2.2 genoem word dit in 'n klagteregister opgeteken.
- 3.2 Indien enige regstellende aksie geneem is word dit ook in die klagteregister aangedui.
- 3.3 Die Eenheidsbestuurder bespreek die inhoud van die klagteregister op 'n daaglikse basis met Matrone asook watter regstellende aksies geneem is.
- 3.4 Matrone besoek die inwoner wat die klagte ingedien het om vas te stel of die klagte doeltreffend aangespreek was al dan nie.
- 3.5 Indien die klagte nie van 'n verplegings/versorgingsaard is nie word dit direk na die Hoofbestuurder verwys.
- 3.6 Matrone bespreek die klagteregister op 'n weeklikse basis, of meer dikwels indien die aard van die klagte dit regverdig, met die Hoofbestuurder.
- 3.7 Indien nodig besoek die Hoofbestuurder die inwoner om vas te stel of die klagte doeltreffend hanteer was en of die probleem aangespreek was en doeltreffende regstellende aksies geneem was.
- 3.8 Indien die inwoner voel dat daar nie voldoende aan die klagte aandag gegee was nie en dat regstellende stappe nie voldoende was nie, word daar gesamentlik met die Hoofbestuurder, die inwoner en matrone besluit watter realisties toepaslike stappe geneem kan word om die klagte meer doeltreffend aan te spreek met in agneming van bestaande beleide en prosedures van Rusoord Centurion en realisties aanvaarde werkswyses.
- 3.9 Indien die klagte na die Voorsitter van die Beheerraad verwys word, sal diè besin in konsultasie met die Hoofbestuurder en Matrone of 'n vergadering met die inwoner, naasbestaandes, Matrone en die Hoofbestuurde belê moet word om die klagte verder te ondersoek en of daar reeds genoeg gedoen was om die klagte doeltreffend aan te spreek. Die Voorsitter mag ook besluit om 'n Dagbestuurvergadering te belê om die klagte met lede van die Dagbestuur te bespreek en moontlike oplossings te ondersoek.
- 3.10 Indien die Voorsitter van mening is dat 'n vergadering met die inwoner en naasbestaandes belê moet word sal die inwoner sodanig verwittig word en 'n datum sal bepaal word. Tydens hierdie vergadering sal Matrone en die Hoofbestuurder teenwoordig wees asook 'n lid of lede van die Dagbestuur. Gedurende hierdie vergadering sal daar dan gesamentlik besluit word watter ander realistiese en prakties uitvoerbare regstellende stappe geneem kan word om die probleem aan te spreek en of daar reeds genoeg gedoen was om die probleem op te los. Indien daar nie tot 'n ooreenkoms gekom kan word nie sal dit sodanig genotuleer en aangeteken word in die Klagteregister. Die inwoner en sy/haar naasbestaandes sal 'n skriftelike kopie van die notule/besluit ontvang.
- 3.11 Alle oorspronklike klagtes soos ingedien deur 'n inwoner sal op die inwoner se persoonlike lêer geliasseer word tesame met 'n rekord van regstellende aksies wat in plek gestel was asook notas/ notules van vergaderings wat met die inwoner en/of sy naasbestaandes rakende die klagtes gehou is en besluite wat daaruit voortgevloei het.

**BYLAE EEN  
AANMELDING VAN 'N KLAGTE**

<b>BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT KLAGTE AANMELD</b>	
Naam: _____	
Tel Nr: _____	
Datum: _____	Tyd: _____
Verlang u terugvoering: Ja <input type="checkbox"/>	Nee <input type="checkbox"/>

**1. Verskaf besonderhede oor die klagte:**

---

---

---

---

Datum van insident: \_\_\_\_\_ Tyd: \_\_\_\_\_

Gerapporteer aan: \_\_\_\_\_

**2. Is dit al voorheen aangemeld?** Ja  Nee

Indien ja, wanneer? \_\_\_\_\_

Wat was die resultaat?

---

---

---

---

**3. Oplossing wat verlang word:**

---

---

**4. Enige verdere voorstelle:**

---

---

Handtekening van Klaer:

---

**Ontvanger van klagte:**

Naam: \_\_\_\_\_ Hoedanigheid: \_\_\_\_\_

Deurgegee aan: \_\_\_\_\_

Handtekening: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

Naam van persoon wat klagte sal ondersoek: \_\_\_\_\_

**Gebruik die Klagte Onderzoek Verslag (Aanhangsel 3) vir ondersoek en terugvoer**

Handtekening van Ontvanger:

\_\_\_\_\_